

Inhoud Hierdie preek wys die verskil hoe Jesus Christus ons deur sy Woord lei en hoe geestelikes vandag die Woord van God hulle woord oor God wil maak. Christus is God met ons en Hy maak self die Bybel vir ons die skatkamer waaruit ons elkeen, groot en klein, die skatte van sy liefde en goedheid vir ons self kan haal. Slim geestelikes maak die Woord van God hulle opgrawingsterrein waar gewone mense uit met wegbly. Met hulle wetenskaplike eksegeese en spiritualiteit wat hulle nes opgrawers se grafies, skoppies, kwassies en siwwe gebruik, grou hulle al die ou goed van dooie mense uit die Bybel op en gebruik hierdie ou goed om van Jesus 'n uitstalling soos in 'n museum van die kansels af te maak. Hierteenoor is Christus God met ons wat sy Woord vir ons 'n skatkamer maak waaruit ons elke dag die skatte van God se liefde vir ons self kan uithaal en ons eie kan maak.

Skriflesing Matteus Mat. 28: 16 – 20; 13: 51 – 53; 23: 1 – 13.

Teks Mat. 13: 52 Daarom is elke skrifkenner wat 'n leerling in die koninkryk van die hemele geword het, soos 'n huiseienaar wat nuwe en ou dinge uit sy skatkamer haal." Direkte Afrikaanse Vertaling

Tema Christus maak ons en ons kinders skrifkenners

1. Met hierdie openbaring stel die Here ons in 'n heel nuwe wêreld. Wie is ons, Christus se leerlinge of skrifmeesters se leerlinge?

Die uniek van die Here se aankondiging in Mat. 13: Christus se leerlinge is skrifkenners wat skatte in God se Woord vind, maar slim en geestelike mense is leermeesters wie God se Woord vir hul leerlinge toesluit! Dit is die verskil Christus en sy leerlinge en skrifmeesters, Joodse geestelikheid en hulle leerlinge.

Vir Christus se leerlinge is God se Woord 'n huis vol ou en nuwe skatte, maar Joodse skrifmeesters maak God se Woord vir hulle leerlinge 'n geslote boek waarin hulle self geen skatte meer kan vind nie, nie oues nie en ook nie nuwes nie.

Ons doop vanoggend Hendrik en Altamarie se dogtertjie Thalia omdat die Here vir ons die opdrag gegee het om mense sy dissipels, sy leerlinge te maak. Ons maak Thalia vanoggend op twee maniere 'n leerling van die Here.

1.1. Ons gee haar die doop van die Here as dra dat sy aan God die Vader behoort, ingesluit is in Christus en die Heilige Gees as gawe ontvang het wat haar sal leer en lei.

1.2. En dan is haar ouers nis haar geestelike leermeester nie, want net die Heilige Gees is haar leermeester, hulle is nie haar geestelike vader- of moederfigure nie, want net God die Vader is haar Vader en hulle is ook nie haar geestelike leiers nie,

want net Jesus Christus is haar Here en Leier. Haar ouers is haar ma en pa wat begin om saam met haar as 'n mede-suster en mede-skrifkenner ou en nuwe skatte uit God se Woord haal.

2. Die kinders! Ons gaan vanoggend se teksgedeelte met 'n voorbeeld probeer duidelik maak. Die voorbeeld gaan oor die verskil tussen 'n diamantveld en 'n ou opgrawingsterrein.

Die Here sê in die teksvers dat die Bybel, God se Woord, is vir sy kinders soos 'n skatkamer vol ou en nuwe kosbare edelgesteentes, pêrels, diamante, smaragde en robyne. Voor al hierdie nuwe groot besighede van vandag alles vir hulle self kom vat in het Suid Afrika, kon enige iemand wat iewers 'n diamant opgetel het of iewers goud gekry het, dit vir hulle self gevat het. Wat jy opgetel het, was joune gewees.

Almal kon op 'n diamantveld of 'n goudveld soek en grou, en wat jy kry is joune!

Hoe dink julle voel dit wanneer 'n mens op so diamantveld loop en jy tel 'n pragtige diamant of robyn of ander kosbare edelgesteente op? Jy is dadelik opgewonde, uitbundig en bly. Hoekom? Want hierdie edelgesteente gaan jou hele lewe verander. Jy gaan nie meer onseker wees hoe jou lewe gaan wees of bekommerd wees oor hoe gaan jy sukkel nie. Jy weet hierdie edelgesteente gaan jou 'n veilige en goeie lewe gee.

3. Wat is 'n opgrawingsterrein en opgrawing?

Hier agter die Soutpansberg het ons 'n baie bekende ou opgrawingsterrein, Mapungubwe! 'n Opgrawingsterrein is 'n plek waar mense baie honderde en duisende jare gelede gebly en geleef het. Oor al hierdie honderde en duisende jare het hulle blyplek verlate geraak, is dit gebreek, het dit onder die grond toegeraak en is dit met plante toegegroeï. Daar is slim mense wat baie belangstel in sulke ou plekke en wanneer hulle so ou plek kry, dan span hulle dadelik dit toe sodat niemand anders daar mag kom nie behalwe hulle nie.

Hulle maak dit hulle opgrawingsterrein wat toegemaak is vir gewone mense. 'n Opgrawingsterrein is 'n ou blyplek van mense wat lankal dood is wat onder die grond toe is

Hierdie slim mense kom dan met spesiale grafies, pikke, borsels, siwwe en kwaste en grou al die grond weg om te kyk of hulle ou gebreekte potte, ou geld, ou huisgoed en ou kunswerke kan kry.

As hulle so 'n ou ding kry, dan maak hulle dit skoon, probeer al die gebreekte ou stukkies aan mekaar sit en gaan sit dit binne in museums in glaskaste sodat mense

Christus maak ons en ons kinders skrifkenners

daarna kan gaan kyk. Baie daarvan gaan sit hulle in store sodat mense nie daarna kan kyk of daaraan kan vat nie.

Hoekom doen hulle dit ?

Want hulle glo as hulle jou die ou goed wys wat hulle opgegrawe het, kan hulle jou help om jou eie lewe beter te verstaan en dan kan jy jou eie lewe verander. Hulle glo met hierdie ou goed kan hulle jou wys waar jy vandaan kom en waarheen jy moet gaan.

4. Wat sal julle kies as julle 'n keuse mag hê?

Sal julle graag 'n diamantveld en goudveld wil kies waarop jy mag loop en grou, en al die kosbaarhede mag optel as jou eie, of sal julle graag wil hê dat mense 'n opgrawingsterrein ontdek waar jy nie mag kom nie, maar later na hulle museum toe kan gaan sodat hulle vir jou kan leer die ou goed leer jou waar jy vandaan kom en waarheen jy gaan?

Nie een van ons is so dom om te kies om na ou stukkende goed te kyk nie. Elkeen van ons sal kies vir ons eie diamant- en goudveld! Ons wil nie na ou goed kyk en lessies leer oor waar ons vandaan kom en miskien dalk gaan nie, ons wil skatte hê wat ons lewe veilig en ryk maak!

Want dink julle is die Bybel, die woord van God wat die Here vir ons gee?

Is die Woord van die Here vir elkeen van ons 'n skatkamer vol skatte, 'n diamant en goudveld vol skatte of is die Bybel 'n ou opgrawingsterrein net vir slim mense met spesiale grafies, pikke, siwwe en kwassies, waarby ons nie self mag kom nie?

5. Christus maak God se Woord vir elkeen van ons groot en klein, 'n skatkamer vol ou en nuwe skatte wat ons lewe veilig maak en verryk! Dit is wat die Here met hierdie gelykenis vir ons wys.

In Jesus se verduideliking van die gelykenis van die saaier in hoofstuk 13 wys die Here dat hierdie gelykenis oor 'n skatkamer vol kosbaarhede gaan oor hoe werk die "Woord van die koninkryk." Jesus is die koning van die koninkryk is alles wat vir ons alles doen sodat ons deel van sy liefde kan wees en binne in sy liefde hom ook kan liefhê.

Die Woord van die koninkryk gaan oor Jesus wat God met ons is en ons deur met sy Woord in sy liefde as God vashou en ons lei om Hom te kan liefhê. Die Woord van God, die Bybel is altyd die Woord van Jesus Christus wat God met ons is soos Hy beloof het in Mat. 28: 20.

6. Dit is ons skatte! Die Here wat in sy liefde met ons is en ons vir Hom lief maak. Dit is ons diamante en goed. God se liefde, goedheid genade, barmhartigheid, getrouheid en lankmoedigheid wat Hy as God aan ons bewys en waardeur Hy ons vir Hom lief laat wees.

Die Bybel is ons skatkamer! Want dit is God se Woord waardeur Hy ons van sy liefde, goedheid, barmhartigheid, getrouheid en genade seker maak en ons wys hoe ons hom kan liefhê met die liefde wat Hy in ons vir Hom skep.

'n Skatkamer waaruit jy self skatte kan haal! Dit is hoe die Here die Bybel, sy Woord vir jou gee. Christus maak die Bybel jou skatkamer waaruit jy enige tyd jou skatte kan uit gaan haal. Die skatte van sy liefde vir jou, jou liefde vir Hom en sy leiding hoe jy Hom kan liefhê. Dit is soos met 'n diamantveld! Die Here maak vir jou wie sy kind is die Bybel jou eie skatkamer waaruit jy self die diamante en goud wat daarin is, as jy eie skatte mag optel om jouself en jou lewe daardeur te verryk.

Die Here maak die hele Bybel ons skatkamer. Ou en nuwes kate uit die skatkamer beteken die ons taal die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die skatte van God se liefde is in die hele Bybel, die Ou en die Nuwe Testament, die hele Bybel is vol skatte wat ons lewe verryk. God se verbondsliefde is binne die Ou Testament en binne die Nuwe Testament maak die Here hierdie verbondsliefde vir ons waar.

7. 'n Skatkamer vir groot en klein! Want dink julle kinders, gee die Here sy Woord, die Bybel, net vir grootmense as 'n skatkamer of gee Hy dit net vir grootmense? Dink jul dit kan ooit so werk dat die Here vir kinders sal sê die Bybel is nie hulle skatkamer nie? Hulle moet uit hierdie skatkamer bly?

Kom ons kyk saam wat het die Here vir sy dissipels gesê toe hulle kinders wou weghou van die skatte in die skatkamer:

“Die mense het kindertjies na hom gebring dat Hy hulle die hande kan oplê en vir hulle bid. Sy dissipels het met Hom daaroor geraas. Maar Jesus het gesê: “Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle.” (Mat. 19:13,14)

Die skatte in die skatkamer, die Here se liefde, goedheid, genade en barmhartigheid – is kinders se skatte. Kinders is deel van die Here se koninkryk en die Woord van die koninkryk van die Here, die Bybel, is vir kinders!

Dit is wat die Here ons van verseker met die laaste vers van Matteus 28: “En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” Hierdie met julle is 'n herhaling van hoe die Evangelie Matteus begin: “Jesus word vir ons gebore en sy Naam is Immanuel, God met ons !” Mat.1: 22 Die Here gee al sy skatte vir kinders

en maak die Bybel hul skatkamer waaruit hulle hierdie skatte kan uithaal as hul eie skatte!

Dit is hoekom ons ook vanoggend vir Thalia doop net soos ons julle ook gedoop het. Die doop is die teken dat skatte van God se liefde is jou skatte: jy behoort aan God die Vader, jy is ingesluit in alles wat Jesus vir jou gedoen het en die Heilige Gees sal jou altyd deur sy Woord lei.

Die doop is vir haar die teken wat vir haar bevestig sy mag al die skatte van die Bybel uithaal as haar eie skatte, uit die hele Bybel van Genesis tot by Openbaring. Omdat Thalia aan die Here behoort, het Hy vir haar sy Woord, die Bybel, haar eie skatkamer gemaak.

8. Die Bybel, God se Woord, kan nooit vir kinders van die Here 'n opgrawingsterrein wees nie, want

- 'n opgrawingsterrein is net 'n ou blyplek van dooie mense van jare gelede wat toe onder die grond lê. Dit is nie 'n diamant- of goudveld vol skatte wat jou lewe kan veilig maak en verryk nie.
- 'n opgrawingsterrein is 'n plek waar stukkies van ou stukkende, ou uitgediende, ou onbruikbare en ou waardelose goed rondlê en as jy baie gelukkig is 'n ou mooi heel kunswerk gekry kan word.
- 'n opgrawingsterrein is 'n afgesperde gebied waaruit alle mense moet wegbly want jy mag nie die terrein versteur in jou onnoselheid nie en jy mag niks optel as jou eie nie.
- 'n opgrawingsgebied is net vir spesiale opgeleide mense wat met hulle spesiale grafies, skoppies, kwassies en siwwe ou goed kan opspoor en aanmekaar sit.
- 'n opgrawings gebied se ou goed mag jy net in 'n museum na gaan kyk en dan sal daardie slim mense vir jou vertel hoe belangrik hierdie ou goed vir jou lewe is en hoe hierdie u goed jou wys waarvandaan kom jy en waarheen is jy in die lewe op pad.

9. Dit is die verskil tussen wat Jesus Christus ons Here met ons en die Bybel doen en wat geestelikes soos die Jode met mense en die Bybel wil doen.

- Die Here gee vir ons die Woord van sy koninkryk, die hele Bybel, as 'n skatkamer vol van die Here se kosbare liefde, goedheid, genade en wysheid, wat ons as ons eie mag uithaal. Dit doen die Here omdat Hy self God met ons is.

- Die Here wys dat die Joodse skrifkenners, en alle geestelike mense vandag, wil skrifmeesters wees wat die Bybel net hul eie opgrawingsterrein wil maak om met die ou goed wat hulle uit die Bybel uit opgrou, mense lessies te wil leer oor waar hoe geestelik hulle moet wees. Hulle wil mense met die ou goed wat hulle in die Bybel opgrou vir jou beelde van Jesus maak wat hulle uitstal soos in 'n museum sodat jy soos hierdie opgemaakte Jesusbeeld kan wees en met al hierdie ou goed en Jesusbeelde wil hulle jou wys waar jy vandaan kom en waarheen jy gaan.

Kyk hoe wys die Here wat doen hierdie slim opgrawers met hulle grafies en kwassies en museums met die Bybel, die Here se Woord!

“Ellende wag op julle, skrifkenners en Fariseërs, skynheiliges! Want julle sluit die mense uit die koninkryk van die hemele uit. Self gaan julle nie in nie, en boonop laat julle die mense wat probeer ingaan, nie toe om in te gaan nie.” (Mat. 23: 13)

Hulle maak God se diamant en goudveld vir sy kinders, hul eie opgrawingsterrein waar die Here se kinders nie mag ingaan nie. Hulle self gaan tel nie eers die skatte op nie maar los dit want vir hulle is ou blyplekke met stukkende ou goed, kosbaarder as die goud en diamante wat om hulle rondlê.

“Hulle bind swaar vragte saam, ja moeilik om te dra en lê dit op mense se skouers, maar self is hulle nie bereid om met 'n vinger aan die vrag te dra nie.” (Mat. 23: 4)

In hulle museums leer hulle jou met al hierdie ou goed hoe belangrik was hierdie ou dooie mense se lewenswyse, en hoe moet jy van hierdie ou dooie mense leer wat is jou oorsprong en jou bestemming in die lewe. Dit terwyl hulle jou al hierdie lessies leer, doen hulle self nie eers wat hulle vir jou in hulle museums leer nie. Hierdie ou stories met geestelike lessies noem die geestelikes vandag hulle spiritualiteit.

10. Kom ons kyk hoe maak hierdie slim geestelike mense van die skatkamer wat die Here vir sy kinders gee vir ons 'n museum vol ou goed! Kom ons gaan haal saam 'n nuwe skat uit ons skatkamer wat die Here vir ons gegee het uit Johannes 3: 16: “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy Enigste Seun gegee het, sodat ons wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.” Kyk hoe lyk hierdie skat: God het ons só lief dat Jesus vir ons sonde gely en gesterf het, sodat ons met al ons sonde nie vir die Here verlore is nie, maar altyd met Hom in sy liefde vir ons sal leef.”

Elkeen van ons weet as ons dit hier hoor: dit is ons skat, dit is die Woord van God wat ons lewe veilig maak en ryk maak. Elkeen van ons groot en klein weet hierdie is die skat van God se liefde. Elkeen van ons, groot en klein weet hierdie skat is ons eie skat – God het my lief en al doen ek sonde sal ek in sy liefde vir altyd bly leef.

'n Skat vir elkeen, groot en klein om op te tel en as sy eie te vat: die Woord van God, die Bybel!

11. Wat doen hierdie slim geestelike mense wat baie keer dominees is met ons en die Bybel?

Hulle gaan vir jou sê jy mag nie hierdie skat optel en sê dit is regtig 'n skat en dit is regtig joune want jy het dit self opgetel nie. Hulle gaan vir jou sê jy mag nie die Bybel gebruik as 'n diamantveld nie, want hulle wil eers al die ou goed uit die Bybel opgrou. Die grafies, skoppies, kwassies en siwwe waarmee hulle die Bybel opgrou, noem hulle wetenskaplike eksegeese en die uitstallings wat hulle van die ou goed wat hul opgegrou het en waarvan hulle Jesus as 'n beeld uitstal, uit die Bybel noem hulle "spiritualiteit".

- Hulle gaan vir jou sê dat ons eers moet kyk of dit regtig die apostel Johannes is wat hierdie boek geskryf het, want al die ou goed wat hulle kon opgrou wys hy was al te oud om die boek te kon geskryf het.
- Dan gaan rond grou en ou dooie mense soek wie hulle nie regtig ken nie en wie hulle nie seker is of hulle regtig geleef het nie, wat hulle dink die boek dalk kon geskryf het en elkeen gaan vir hulle iemand kies wat hulle dink die boek kon geskryf het.
- Dan gaan hulle vir jou vertel jy mag nie hierdie skat optel nie want ons weet nog nie wie is al die dooie mense vir wie hierdie teks geskryf was nie, en eers wanneer jy weet wie is die dooie mense vir wie hierdie teks geskryf was, sal ons die waarde van hierdie ou teks verstaan.
- Dan sal hulle vir jou vertel jy kan nie hierdie skat jou eie maak nie want jy moet eers al die ou gedagtes, al die ou opvattinge, al die ou maniere waarop mense geskryf het, al die ou maniere waarop hulle klere gedra het en kos geëet het, opgrawe en ken, voor jy kan weet wat die waarde van hierdie teks is.
- Dan gaan hulle vir jou sê Jesus het nie regtig gesê wat in hierdie teks staan nie, hy het ook nie regtig met iemand soos Nikodemus gepraat nie. Dit is net 'n ou storie wat iemand geskryf het, wie ons nie weet wie dit was nie, wat vir ons baie kan leer van ons oorsprong en bestemming.
- En dan kom hulle en soos al hierdie slim mense in museums vertel hulle jou hoe hulle glo jy moet dink, voel, bid, leef, en gehoorsaam wees soos die ou storie vir hulle wys hoe mense vandag soos die mense van die ou tyd moet dink, glo, bid, gehoorsaam wees en voel.
- Want hulle dink Jesus is ook 'n kosbare kunswerk van die ou tyd wat hulle met hul grafies, kwassies, skoppies en siwwe opgegrawe het uit die Bybel en nou in 'n mooi museum uitstal sodat mense kan kom kyk hoe lyk Jesus! hulle hou met hulle spiritualiteit geestelike uitstallings om te wys hoe lyk die Jesus wat hulle uit die Bybel opgegrawe het.

12. Wat weet jy as jy na sulke slim geestelikes en dominees luister wat hulle met die Bybel doen met hulle opgrawings uit die Bybel?

- Jy weet jy mag volgens hulle nie by die Bybel uitkom nie want dit is hulle opgrawingsterrein waaruit kinders en gewone mense moet wegbly.
- Jy weet dat al die ou goed wat hulle in die Bybel opgrou en kry is onnodig want jy kan sien dit is 'n diamantveld vol diamante.
- Jy weet dat die Jesus wat hulle opgegrou het en uitstal om na te kyk, is nie die Here wat jou liefhet en God saam met jou is nie.
- Jy weet dat die Here wat jou liefhet sy Woord jou skatkamer gemaak het en jou nie weghou asof dit 'n ou opgrawingsplek is nie.
- Jy weet jy mag die skatte uit hierdie skamer haal as jou eie skatte.

Daarom kan jy uit die Nuwe Testament uit Johannes 3: 16 die skat haal dat God jou liefhet, jou sondes se straf weggeneem het en dat jy altyd in sy liefde sal leef en uit die Ou Testament kan jy die ou skat as jou eie skat haal uit Psalm 23: "Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie."

Want jy is die Here Jesus se leerling en nie slim geestelike omies en tannies se leerling nie, en die Here leer sy leerling om ou en nuwe skatte uit die skatkamer te haal wat Hy vir hulle gee. De Here leer ons nie om in die gedagtes, gevoelens, geloof en idees van ou dooies mense ons bestemming en ons toekoms te vind nie.

Hy is God met ons wat ons met Hom laat leef en leer om uit sy Woord die skatte te haal wat Hy vir ons daarin gegee het.

13. Hendrik en Altamarie bring vanoggend hulle kindjie Thalia om gedoop te word. Dit is omdat hulle hierdie skat in die Woord van God het en uithaal: "Gaan dan heen na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.

Hierdie teksvers is baie belangrik! Na die opdrag om leerlinge te maak staan daar hier 'n dubbelpunt! in die Grieks klink die sin só: maak mens leerlinge, dopende en lerende om alles te onderhou. Dit is hoe die Here leerlinge maak. Hy sluit hulle van geboorte in sy liefde in en is God met hulle en daarom moet hulle die teken kry dat hulle 'n skatkamer gekry het en geleer word om die skatte uit die skatkamer te kan haal.

Die Here gee Thalia maak Thalia deel van sy liefde en gee haar sy Woord as haar eie skatkamer! Daarom kan sy uit die Bybel die skatte van God se liefde, genade, goedheid getrouheid en lankmoedigheid vir haar as haar eie skatte haal, uit die ou en nuwe Testament.

14. Nou wat moet haar ouers doen omdat sy gedoop is en die Here vir haar 'n skatkamer vol skatte as haar eie gegee het? Die Here het nie net vir haar ouers 'n skatkamer vol skatte as haar eie gegee nie, sy het haar eie gekry!

Kom ons sluit weer af met die voorbeeld van die verskil tussen 'n diamant- en goudveld en 'n ou opgrawingsterrein! Moet haar ouers haar saam vat as hulle diamante gaan optel in hul diamantveld of moet hulle vir haar na 'n museum toe vat om na ou opgegroude stukkende goed of ou kunswerke te gaan kyk sodat slim omies en tannies vir hulle kan vertel wat is die storie van die ou goed?

Want dit is wat ouers en kinders saam doen as hulle saam kerk toe gaan. Hulle gaan stap saam met die Here en tel saam skatte op uit hul skatkamer, die Bybel. Skatte wat hulle veilig maak en hulle lewe as ouers en kinders saam verryk.

Dit is wat ouers en kinders doen wat saam Bybel lees en bid. Hulle stap saam met die Here en haal saam met die Here skatte uit die skatkamer wat hulle as hulle eie skatte kan optel en hou.

Hoekom sal ouers kinders weghou van die skatkamer wat die Here vir die kinders gegee het: die Woord van God? Want dit gebeur baie keer. Dat die mense wat die kinders weghou van die skatkamer wat die Here vir die kinders gegee het, weghou.

Een rede is dat die ouers geleer was dat die Bybel is nie 'n skatkamer maar 'n opgrawingsterrein van slim en geestelike mense en dat hulle nie op hierdie terrein mag kom nie. Hulle mag net na al die slim en geestelike stories gaan luister van mense wat die Bybel opgrou. Daarom dink hulle hierdie erediens is 'n museum waar Jesus deur slim en geestelike mense met stories van die ou tyd uitgestal word. Dan voel hulle die kinders kan maar eendag as hulle self lus is na hierdie museum uitstalling van Jesus kom en na al die opgegroude ou stories luister.

Die ander rede is dat party ouers nie wil hê dat hulle kinders van die Here 'n skatkamer vol skatte mag kry nie. Hulle wil nie hê dat kinders die Woord van die Here vol van die liefde van die Here kry nie, want hulle wil hulle kinders se skatkamer wees. Hulle wil dat hul kinders hul ouers se liefde sal sien as hul skatkamer en hul liefde vir hul kinders as die enigste skatte wat hul kinders mag kry. Hulle doen dit ook anders om. Hulle wil nie hê hul kinders moet 'n skatkamer van die Here kry nie, want die kinders moet hul ouers se skatkamer wees en kinders moet elke dag met nuwe en ou skatte hul ouers se lewe veilig maak en verryk. Só vat ouers vir hul kinders die skatkamer wat die Here vir kinders gegee het, uit hulle lewe weg. Dit is ouers wat jaloers is op die liefde wat kinders van God kry en kinders van daardie liefde wil weghou. Hulle glo hul kinders is net hulle s'n, nie die Here s'n nie.

15. Wanneer oom Hendrik en tannie Alta-marie vanoggend vir Thalia bring om gedoop te word met die Here se teken, dan doen hulle dit met hierdie geloof in hulle

Christus maak ons en ons kinders skrifkenners

harte: Thalia behoort aan die Here Jesus, sy is ingesluit in die liefde van God die Vader en sy het die Heilige Gees ontvang wat haar sal wys wie is haar skatkamer en hoe om saam met die Here te loop en skatte op te tel uit sy Woord.

Dit is hoe elkeen van julle gedoop is en wie die Here vir julle elkeen is: hy gee vir julle die Bybel as sy skatkamer en elke kind kan in die Woord van God die skatte raaksien, optel en as hul eie vat – die liefde en goedheid van God.

Julle mag nooit luister na slim en geestelike mense wat vir julle probeer vertel julle mag nie op hulle opgrawings terrein, die Bybel kom nie. Julle moet verby hulle hardloop en julle skatte in die Bybel gaan optel. Julle moet nooit na kerke en Bybelstudies of jeuggroep gaan waar hulle vir jou ou stories vertel en wil wys hoe Jesus lyk nie. Jesus is nie iemand na wie ons kyk om soos hy te lyk nie. Hy is die Here aan wie ons behoort en saam met ons loop om skatte uit sy Woord op te tel.

Kom ons doop Thalia!